



## **VERSLAG RAKENDE DIE SAKE VAN DIE SORGVERSKAFFER VIR DIE PERIODE 1 MAART 2022 TOT 28 FEBRUARIE 2023**

Die verslag is voorberei vir die inligting van lede van die Bestuursvereniging ingevolge Klousule 33(1)(k) van die Grondwet.

Klousule 48(2) van die Grondwet bepaal dat direkteure van die Sorgverskaffer (OWOBV (Edms.) Bpk.) trustees van die Bestuursvereniging moet wees.

Die volgende trustees dien as direkteure op datum van hierdie verslag vir 'n onbepaalde termyn ingevolge Artikel 68(1) van die Maatskappyewet (Wet Nr. 71 van 2008):

Mnr. Hennie Hurter  
Dr. André Dreyer  
Mnr. Bruno Wehrle  
Mnr. Ferdie van der Merwe  
Mnr. Frits Vleggaar

Die direkteure vergader maandeliks in die week voor die trusteevergaderings. Afskrifte van die notules, finansiële maandstate, balansstate en debiteureverslae word by die vergaderings van die Raad van Trustees ter tafel gelê.

Die verslagperiode was die sesde volle finansiële jaar in werking onder die bestuur van Me Ina Prevedello, bygestaan deur haar goed opgeleide personeelkorps.

Die multi-dissiplinêre span is saamgestel uit:

- Matrone Ina Prevedello – Verpleegbestuurder
- Dr. Theresa Swart – Mediese praktisyn met nagraadse opleiding in palliatiewe versorging.
- Dr. Mariaan Kühn – Mediese praktisyn
- Dr. Marilize Vlok – Mediese praktisyn
- Me. Edna Lampbrechts – Maatskaplike Werker
- Me. Lindie Uys – Arbeidsterapeut
- Senior Geregistreerde Verpleegsters by die Sorgsentrum

Die span voer gereelde besprekings, persoonlik of by wyse van hul WhatsApp-groep.

Die geouditeerde finansiële state vir die verslagperiode, sal aan lede gesirkuleer word vir oorweging by die Algemene Jaarvergadering.

### **Resultaat vir die jaar tot 28 Februarie 2023**

- 1. Inkomste:** Bedra R7 465 444 vir die jaar, 2,63% minder as begroting. Die bedbesetting van die Sorgsentrum was onbevredigend, hoofsaaklik weens die feit dat die Sorgsentrum verklein word na 'n 28 bed eenheid soos in die 2021-2022 verslag aan die lede verduidelik was.
- 2. Uitgawes:** Dit het R8 260 103 bedra vir die jaar, 2,4% minder as begroting.
  - 2.1 Salarisse:** Heelwat meer is bestee op kontrakverpleging, maar netto op begroting was binne begroting.
  - 2.2 Covid-uitgawes** is verminder van R49 469 tot R12 954.
- 3. Netto Bedryfstekort:** Die netto Bedryfstekort vir die jaar het R694 659 beloop.
- 4. Fondse:** Die lening van Oude Westhof Bestuursvereniging het verhoog tot 'n balans op jaareinde van R7 754 271.

### **BEGROTING 2023-2024**

Hoewel die begrote inkomste met meer as R184 928 in vergelyking met die vorige finansiële jaar sal styg, is 'n netto-verlies van R896 900 onafwendbaar.

**Nota ten opsigte van die vordering met die sewe (7) eenhede wat in die vooruitsig gestel is en wat na die jaareinde gefinaliseer is:**

'n Bedrag van R13 952 000 is ontvang, wat die koopprys, BTW en die intreeheffings op vyf (5) eenhede, wat verkoop is, insluit. Twee (2) eenhede is steeds in die mark vir verkoop teen R1 950 000 elk.

Die intreeheffings van R1 395 200 is aan die Bestuursvereniging betaal. 'n Bedrag van R3 000 000 ten opsigte van 'n korttermynlening vir die ontwikkeling van die eenhede, is vereffen.


Die bedrag verskuldig op jaareinde aan die Bestuursvereniging is ten volle terug betaal.

### **ALGEMEEN**

Die Maatskaplike Werker en Arbeidsterapeut is steeds in diens op 'n uurtarief. Hulle lewer nie alleenlik diens aan die inwoners nie, maar is ook deurlopend behulpsaam met die opleiding van personeel in hul onderskeie vakgebiede.

Ten slotte wens ek die Direksie se dank en waardering aan die Verpleegbestuurder en haar personeel oor te dra vir die lojaliteit en toewyding wat hul deurgaans openbaar in die uitvoering van hul pligte.

Aan mnr. Gerhard van der Merwe, die Maatskappy-Sekretaris, ons opregte dank vir die wyse waarop hy sy pligte as Sekretaris ten opsigte van die Sorgsentrum, uitvoer.



**HW HURTER**  
**VOORSITTER: RAAD VAN DIREKTEURE**  
**6 JUNIE 2023**

